# DIE HOËR TEGNOLOGIESE SKOOL
# John Vorster

Geregistreer as 'n niewinsgewende organisasie
REG NO: 023-864-NPO

**E-POS adresse:**
info@htsjv.co.za
finansies@htsjv.co.za
dissipline@htsjv.co.za
adowd@htsjv.co.za

Posbus 31714
TOTIUSDAL
0134

Meyerstraat 1072
Rietfontein
Webblad: www.htsjohnvorster.online

Tel : 012 332 1760/1/2


14 Desember 2020

OUEROMSENDBRIEF 21 VAN 2020

Beste JV-ouers/-voogde

2020 was vir die meeste van ons 'n moeilike jaar! Niemand het voorsien dat die COVID 19-pandemie so 'n groot omwenteling in skole te weeg sou bring nie. Dit het aanpassings geverg van personeel, ouers en leerders en in retrospek kan 'n mens weereens net die Here loof dat ons suksesvol anderkant uitgekom het. Ouers, personeel en leerders het hande gevat en bewys dat die JV-familie 'n span is wat in moeilike tye kan saamwerk om die wa deur die drif te trek.

Daarom my hartlike dank aan elke ouer vir u begrip, ondersteuning en saamwerk die afgelope jaar. Sonder u was ons taak soveel moeiliker.

Ek is egter vol vertroue dat ons nou hierdie situasie onder die knie het en dat 2021 se uitdagings ons nie sal onderkry nie. Direktiewe vanaf die Onderwysdepartement bepaal dat daar nog steeds net ongeveer 50% van die totale aantal leerders van die skool per dag by die skool mag wees. Dus sal ons nog steeds die daaglikse rotasieroosters (dag A en -B) volg, totdat die voorskrifte verander. Volgens instruksie mag daar ook nog geen kontaksport vir ten minste die eerste kwartaal gereël word nie, maar ons gaan aan met kondisionering in die niekontaksporte, onderhewig aan alle COVID 19-veiligheids-vereistes.

Ek heg die volgende dokumente vir u hieby aan:

- Kwartaal 1: Dagrooster waarop die onderskeie dae (A en B) per datum aangedui is. Leerders kom skool toe slegs op die dag A of dag B soos dit ooreenstem met die groep waarin hy/sy ingedeel is. Graad 12-leerders kom elke dag skool toe.

- Klaslyste: Waarop aangedui word of u kind in die A- of B-groep is, asook die voogglokaal en voogonderwyser vir die bepaalde klas. Vooggroepe vir 2021 is absoluut willekeurig ingedeel met geen akademiese prestasie daaraan gekoppel nie.

- Skoolure: Skoolure in 2021 is a.g.v die verminderde kontaktyd met leerders (rotasierooster) as volg deur die Beheerliggaam vasgestel:

<table>
<tr><th></th><th>Graad 8</th><th>Graad 9</th><th>Graad 10</th><th>Graad 11</th><th>Graad 12</th></tr>
<tr><td>Maandag</td><td colspan="3" rowspan="5">07:40 – 14:00<br>Groep A-of B<br>(volgens dagrooster)</td><td rowspan="2">7:40 – 14:00<br>Groep A-of B<br>(volgens dagrooster)</td><td rowspan="2">7:40 – 14:00<br>Alle leerders</td></tr>
<tr><td>Dinsdag</td></tr>
<tr><td>Woensdag</td><td>7:40 – 15:00<br>Groep A- of B<br>(volgens dagrooster)</td><td>7:40 – 14:00<br>Alle leerders</td></tr>
<tr><td>Donderdag</td><td>7:40 – 15:00<br>Groep A- of B<br>(volgens dagrooster)</td><td>7:40 – 15:00<br>Alle leerders</td></tr>
<tr><td>Vrydag</td><td colspan="5">7:40 – 13:30<br>Groep A of – B (volgens dagrooster): Graad 8 – 11 en alle Graad 12-leerders</td></tr>
</table>

Ek hoop dat bovermelde dokumente u tot hulp sal wees om u voorlopige beplanning vir 2021 te doen. Die skool heropen in 2021 op 27 Januarie vir die leerders. Ek vertrou dat u en die kinders sal uitrus tydens die skoolvakansie om met nuwe ywer 2021 aan te pak.

Ek wens u 'n geseënde Kersseisoen toe, rus lekker en mag 2021 vir u meer vreugde en seën inhou as wat u ooit verwag het.

Antoinette Dowd
HOOF